

**24 Julie**

**Skrifgedeelte: Handeling 8:26-40**

**Fokusgedeelte: Handeling 8:35-39; Jesaja 56:3-5**

### **Die evangelie trek buitestaanders na binne**

Die Here het in die Ou Testament *eksklusief* met die volk Israel gewerk. Die ander nasies was nog uitgesluit. Lukas vertel dat God in Christus die deure nou oopgooi na al die nasies. Filippus word deur die Heilige Gees geroep om met hierdie Etiopiër oor die evangelie te praat. As Filippus die boodskap van Jesus die Verlosser verkondig, kom hierdie man tot bekering.

Wie was hierdie Etiopiër? Die hofdienaar staan buite die verbondsvolk – Hy was ‘n Kussiet, ‘n swart man uit Afrika, uit die sogenaamde vervloekte geslag van Gam! Om alles te kroon, was hy ‘n enug, ‘n ontmande. Destyds is manne wat in die diens van vroue of in harems gewerk het, gewoonlik ontman. In Deut 23:1 staan: “Hy wat deur verbrysing vermink is of van wie die manlike deel afgesny is, mag nie in die vergadering van die Here kom nie.”

Hierdie man kon dus in alle opsigte beskou word as ‘n buitestaander. Hy was uitgesluit, een van die laastes voor God. Nou kan jy seker verstaan waarom hy op sy terugreis so moedeloos en bedruk gevoel het. Hy sit en bestudeer die boekrol van Jesaja. Hy besef daar skort iets met hom. Ons hoor sy frustrasie as Filippus hom vra of hy wel verstaan wat hy lees (vers 31): “Hoe kan ek tog...?”

As Filippus begin getuig, maak die Heilige Gees die man se oë en hart oop, en siedaar, die eerste bekeerling uit Afrika! Die evangelie is op pad na die eindes van die aarde! Hoogs waarskynlik het Filippus saam met hom verder gelees ... tot by Jesaja 56. Daar vind ons bevrydende woorde vir ontmandes. Aan hulle word die hoop gegee op ‘n “erenaam wat beter is as seuns en dogters” en ‘n naam “wat nie uitgewis sal word nie” (Jes 56:5). ‘n Ontmande kry verligting vir sy depressiewe gemoed. ‘n Buitestaander word *inklusief* gereken!

Jou verlossing sit immers nie in jou gebrek of jou sukses (‘n nageslag) nie, maar in die geloof in God se beloftes, wat in Christus waar word.

*Sing: Skrifberyming 45:3 Ds M van Helden (Centurion)*